Hoërskool Oos-Moot
HAARHOFFSTRAAT 1120, VILLIERIA, 0186
Telefoon: (012) 332-0601 Faks: (012) 332 2457
E-pos: oosmoot@oos-moot.co.za

Maart 2025

Geagte Ouers en Graad 11-leerders

GRAAD 11-BAL 2025
Ons is opgewonde om aan te kondig dat Hoërskool Oos-Moot hierdie jaar 'n nuwe tradisie gaan vestig, naamlik 'n formele Graad 11-bal.

Doel van die bal
- Om fondse in te samel wat spesifiek aangewend sal word vir die huidige graad 11-leerders se Matriekafskeid in 2026.
- Om leerders voor te berei vir die Matriekafskeid deur hulle bekend te stel aan die formaat en etiket van 'n formele funksie.

Datum	:	26 Julie 2025
Plek	:	Hoërskool Oos-Moot skoolsaal
Tyd	:	17:30 vir 18:00 tot 22:00 (aankoms vanaf 16:00)
Kleredrag	:	Formeel

Kostes en betalingsopsies
- R300 per paartjie
- R180 per persoon (Oos-Moot leerder)
- R200 per persoon (buitepersoon)

Betaling en tafelbesprekings
- Betalings en tafelbesprekings word saam vanaf 23 tot 25 Julie gedoen.
- Gelde word per EFT (elektronies) of by die finansieskantoor (kontantloos) inbetaal.
- Verwysing: Naam/Van, Gr11bal
- Leerders se kwitansies/EFT bewys van betaling word getoon wanneer hul die tafelplasingversoek by me N Pitzer (finansieskantoor) ingehandig word.

Metgeselle
Graad 11-leerders word toegelaat om na goeddunke ’n buite-persoon saam te nooi indien hulle nie ’n mede-graad 11-leerder in Hoërskool Oos-Moot wil vra nie.

Die voorwaardes vir buitepersone as metgesel, is soos volg:
- Metgeselle mag nie ouer as 18 jaar wees nie.
- Metgeselle van Oos-Moot of ’n ander skool mag nie in ’n laer graad as Graad 10 wees nie.
- Indien ’n leerder van ’n ander skool gevra word, moet ’n bevestigingsbrief deur die seun/dogter se skool verskaf word en die brief deur die betrokke skool se Hoof geteken wees.
- ’n Afskrif van die buitepersoon se identiteitsdokument of geboortesertifikaat moet verskaf word.
- Buite-persone moet hulle aan ons gedragskode en reëls onderwerp.
- Geen rook of drank word toegelaat nie (die persoon word dus as ’n leerder van ons skool gesien).
- Buitepersone sal deur ’n keuringsproses gaan (me T Jordaan). Aansoekvorms vir dié doel sal by me Jordaan beskikbaar wees (K18).

Tafelplasings

- Dit is ’n aansit-ete en funksie-etiket sal gevolg word.
- Die tafelplasings word vanaf 23 tot 25 Julie gedoen (moet saam met betaling gedoen word).
- ***Geen tafelplasings sal hierna aanvaar word nie***.
- *Let wel*: Metgeselle van ander skole se name word nie by die tafelplasings aangedui nie.

Toegang en aankoms van leerders

- Aankomstyd begin vanaf 17:00 en almal sit reeds 18:00 wanneer die funksie amptelik begin.
- Bewys van betaling is jou toegangskaartjie.
- Om verkeersvloei te vergemaklik ry die voertuig waarmee die leerder afgelaai word in vanaf Haarhoffstraat se hek, leerders word afgelaai en die motor verlaat die terrein deur die Hertzogstraathek. Geen parkering sal op die terrein toegelaat word nie (sien Sosiale Funksiebeleid).
- Elke leerder word versoek om ’n papiertjie met hul naam en van beskikbaar te hê. Dit word aan die aankondiger oorhandig sodra die leerders uit die motor klim.

Kort funksieprogram

- 18:00 : Toesprake begin en hoofgereg word bedien.
- 18:30 : Dansvloer word geopen waarna almal mag dans (geen dans voor toespraak en hoofgereg nie).

Aanhangsel

Aanhangsel A : Keuring van buite persone

Navrae kan gerig word aan me T Jordaan by jordaant@oos-moot.co.za

Oos-Moot groete

S THERON
HOOF

T JORDAAN
ORGANISEERDER

Hoërskool Oos-Moot
HAARHOFFSTRAAT 1120, VILLIERIA, 0186
Telefoon: (012) 332-0601 Faks: (012) 332 2457
E-pos: oosmoot@oos-moot.co.za

AANHANGSEL A

GRAAD 11-BAL 2025: KEURING VAN BUITEPERSONE

OOS-MOOT LEERDER

Naam en Van: _____

Klas: _____

BUITEPERSOON

Naam en Van : _____

Ouderdom: _____

Beroep: _____

Adres: _____

Kontaknommer: _____

VERKLARING

Ek _____ verklaar dat die volgende voorwaardes deur my nagekom sal word tydens die Matriekafskeidsfunksie:

1. Geen alkoholiese drank mag op die terrein gebruik word nie;
2. Daar mag nie op die terrein gerook word nie;
3. Gedrag moet ten alle tye onberispelik wees;
4. Kleredrag moet sindelik wees en in ooreenstemming met die aard van die formele funksie;
5. Indien nie aan hierdie vereistes voldoen word nie, sal oortreders versoek word om die terrein onmiddellik te verlaat.

_____ _____
HANDTEKENING DATUM

- Afskrif van identiteitsdokument aangeheg: □ Ja □ Nee
- Kwitansienommer: _____

□ GOEDGEKEUR □ AFGEKEUR

Hiermee gee ek ouer/voog van _____ in graad _____ toestemming dat my dogter/seun die volgende buite-persoon, onder die ouderdom van 18 jaar, as metgesel na die 2025 Graad 11-bal mag nooi.

Baie dankie vir u ondersteuning en samewerking.

Vriendelike groete

_____ _____ _____
HANDTEKENING OUER KONTAKNOMMER DATUM